

Maandag 19 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:5-6; Genesis 5:18-24

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:5-6

Wandel met God in ware geloof!

Henog het in 'n tyd gelewe waarin die goddeloosheid van Kain se nageslag tot volle krag en boosheid gekom het. Die mense van sy tyd was uiters sleg.

Ons lees egter in Genesis 5:24 dat Henog “naby God geleef” (1983-vertaling) of “met God gewandel” (1933/53-vertaling) het. Dit beteken dat God daaglik deel was van Henog se lewensbestaan en sy doen en late. Met respek gesê, kan ons sê dat Henog vriende met God gemaak het. Hy was met hart en siel aan God verbind, sodat hy gewandel het in die ewige dinge wat God behaag. Hy het in gedurige gebedsgemeenskap met God verkeer. Ja, sy hele lewe was 'n gebedslewe van volkome toewyding aan God.

Henog se wandel met God was nie bloot lippetaal nie, hy het dit ook met die daad in die publiek gewys. Hy was geen stille geloofs-held wat hom eenkant en alleen gehou het nie. Hy het vir die mense van sy tyd gepreek en hulle gewaarsku teen die komende oordeel van God, indien hulle hul nie bekeer nie (vgl. Jud:14, 15). Hy het die publieke lewe opgesoek om daar van die regte van God te getuig. En elke keer wanneer Henog vir sy God, vir ons God, in die openbaar opgestaan het, was dit lewensgevaarlik. Die goddelose geslag van sy tyd kon sy prediking nie verdra nie.

Dit het Henog egter nie van stryk gebring of hom koers laat verloor nie. Deur die geloof het hy oor hierdie sigbare wêreld getriomfeer en hy ontvang die heerlike genadeloon van God – hy word weg-geneem sonder om te sterf.

Ons kan tog so maklik afgestomp raak en koers verloor in ons geloof. So maklik neem die wêreldse dinge die kosbare plek van geloof in ons hart. So maklik word al ons tyd in beslag geneem deur Facebook en Twitter dat ons nie meer so getrou saam met God wandel nie.

Skakel vir 'n oomblik daardie slimfoon of tablet af en word stil voor die Here!
Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. Wilhan Jobse (Jeffreysbaai)